# Die Welgelegener

CHRISTUS IS DIE HERE

Daarom wil ons mekaar in verhoudinge opbou … Om so sy groot opdrag uit te leef.

Geroep Gewillig Gestuur DESEMBER 2025


# Die groot verpakking van ons *Kersprojek* 2025







Op Woensdag 26 November was dit báie bedrywig in die vierkant met al die gewillige gemeentelede en gemeentevriende wat gehelp het om kospakkies en lekkergoedpakkies te verpak of geskenkies op te maak.

Baie dankie aan almal wat hierdie jaar se Kersprojek ondersteun het deur middel van donasies, inbetalings, idees, kreatiwiteit en hulp met aankope, verpakking en aflewerings!





# *Sonderbriekers*

## se afskeid by Huis Horison

Die Sonderbriekers het op 13 November hul afsluiting vir die jaar by Huis Horison gehad. Eers is hulle op 'n begeleide toer deur die tuine geneem en toe kon hulle heerlik ontspan in Huis Horison se kafee, Village Thyme. Huis Horison se koor het hulle verras met 'n baie spesiale optrede. Ons sien uit na 2026 met nuwe avonture om saam te beleef en spesiale plekke om saam te ontdek!















# Ons groet die Cronje's

## ná 18 jaar by die gemeente




In die Welgelegener van September 2007 het Leon, Anette, Jean-Tiaan en Charl op die voorblad gepryk en het ons die nuwe jeugleraar en sy gesin vanaf Richmond verwelkom. En nou moet ons groet... Ons is dankbaar vir die 18 jaar wat ons julle hier in ons midde gehad het en dat ons julle kon leer ken en liefkry! Dankie vir alles wat julle vir die gemeente gedoen en beteken het. Ons bid dat julle gelukkig in Grootbrak-Rivier gemeente sal wees en dat julle werk daar vreugdevol sal wees en sal vrugte dra. Ons bid God se seën en beskerming toe op julle pad vorentoe.



# Geseënde Kersfees!

&

VOORSPOED VIR 2026!



Mag die genade en vrede van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees by jou wees in hierdie Kerstyd!

## Oktober se B-Aksie-tema en insameling fokus op Bejaardes en Siekes

Ons het daarom handdoeke, kussingslope en lakens geskenk aan Hospice se Skoenlappersaal by die Stellenbosch Hospitaal. Uit die B-Aksie fondse is R4 000 oorbetaal aan die Hospice, waar talle kanker-pasiënte versorg word. Basiese voedsel en skoonmaakmiddels is ook uit B-Aksie fondse aangekoop en afgelewer by behoeftige inwoners in Molenhof Ouetehuis. 180 grootmensdoeke, toiletpapier en



skeermesse is aangekoop en afgelewer by Huis Ebenhaeser, waar meer as 80% van die inwoners verswak en/of inkontinent is. Beddegoed en kussings is ook geskenk vir behoeftige inwoners in Huis Horison.

## Sonderbriekers se uitstappie na die Darling Veldblommeskou

Dit was 'n heerlike en sonnige bederfdag vir ons Sonderbriekers na die mooie Darling. Almal was in



vervoering oor die pragtige uitstallings en fyn detail en elkeen het weer opnuut bewus geraak van ons wonderlike skepping en die Skepper daarvan!



## Kerkraad doen hul deel

Ons kerkraad het tydens hul vergadering in Augustus ook hul deel gedoen om die koskratte vir Barmhartigheidsmaand vol te maak. Elkeen moes items saambring en in plaas van eetgoed vir die vergadering, is nie-bederfbare kos aangekoop wat ook vir die projek geskenk is. 65 items is so bygevoeg by die groot totaal.

# Barmhartigheidsmaand:



## Kratte kreun met 1 775 kositems!

Baie, baie dankie aan elke lidmaat wat meegedoen het aan ons jaarlikse Barmhartigheidsmaand voedselinsameling gedurende Augustus. Elke blikkie, sakkie, potjie en inbetaling het gehelp dat ons sowaar ons mikpunt met byna 50% kon oortref! Ons is geseënd om genoeg van alles te hê, daarom kan ons tot seën vir ander wees deur te help om die groot voedselnood in Stellenbosch te help verlig.



US-studente

Hierdie jaar het ons ook vir elke ontvanger (organisasie of individu) 'n boodskap en teksvers van die gemeente bygesit. Ons het gepoog om deurgaans te kyk na spesifieke behoeftes, maw dit wat die ontvangers werklik kan gebruik. Die ingesamelde voedsel is as volg in die Stellenbosch gemeenskap versprei:



Safehouse

* 12 kospakkies is gepak vir die sjefstudente by Stellemploy.
* 3 kospakkies is geskenk vir behoeftige gesinne by Laerskool Eikestad.
* 5 inwoners by Molenhof het elkeen 'n kospakkie ontvang.
* Die 3 werkers by die kerk het ook elkeen 'n kospakkie gekry.
* By die behoeftige studente aan die Universiteit van Stellenbosch het ons gekonsentreer op klein verpakkings en kos wat maklik en vinnig voorberei kan word, bv klein verpakkings tee, kitsnoedels, blikkies met vleis en klein pakkies mieliemeel.
* Vir Jeuguitreik, waar 20 kinders woon, en by Safehouse, met 'n totaal van ongeveer 20 vroue en hul kinders, het ons in grootmaat gegee vir die bereiding van voedsel en ook konfyt, grondboontjiebotter en ander smere vir elke dag se toebroodjies. Ons het ook nie vergeet dat kinders darem af en toe aan 'n koekie wil smul nie!
* Nagskuiling, met sy 40 inwoners, is gehelp met grootmaat items soos pasta, rys, sopmengsel en blikkieskos vir die grootmaat voedselbereiding. Koffie, tee en smere vir brood is ook items wat hulle altyd nodig het.
* Die ACVV ondersteun talle behoeftige gesinne en bejaardes. Daarom het ons gekonsentreer op items wat aan individue en gesinne uitgedeel kan word en nie grootmaat verpakking nie.
* Voedingsaksie, wat ongeveer 5 000 gebalanseerde maaltye per week by 60 voedingspunte aan behoeftige mense voorsien, het die grootste persentasie van die ingesamelde voedsel ontvang. Kleiner verpakkings is ook geskenk, wat deur Voedingsaksie aan individue uitgedeel is.

Deur die loop van Barmhartigheidsmaand is inbetalings ten bedrae van R8 900 gemaak. Daar is ook R5 000 bewillig uit die B-Aksie se fondse. Aankope ter waarde van R9 000 is gedoen. R4 900 is oorbetaal aan Stellenbosch Voedingsaksie, die organisasie wat die meeste behoeftige mense in Stellenbosch voed.




1 775 kositems in die gemeenskap van Stellenbosch uitgedeel!



Leon en Desmond Meyer van VGK Koelenhof



Sipho Mahokoto van VGK Kayamandi

## Ons gemeente skenk Bybels

Die Getuienisaksie van ons gemeente kon in Augustus Bybels skenk aan twee VGK-gemeentes in die Ring van Stellenbosch. Beide hierdie gemeentes het dit uitgedeel aan lidmate wat nie 'n Bybel kan bekostig nie. Ds Desmond Meyer van VGK Koelenhof het 30 Afrikaanse en 30 Engelse Bybels ontvang en ds Sipho Mahokoto van VGK Kayamandi het 40 Xhosa Bybels by ons kerk kom haal. Ons kon ook 2 groot sakke met warm klere skenk wat hulle kon uitdeel aan mense in Kayamandi wat al hul besittings agv 'n brand verloor het.

# Dis lékker om ’n kind te wees!

## DIE JAAR WORD “SOET” AFGESLUIT




Ons tieners het op Sondagaand 2 November vir oulaas hierdie jaar saamgekuier en dit sowaar reggekry om kolwyntjies in minder as 'n uur te bak, te versier én te eet!!



Ons laerskoolkinders het op Sondag 16 November vir oulaas hierdie jaar saamgespeel en heerlik gesmul aan die lekkergoedpakkies en roomyse. Geniet die vakansie!



## Laure kán pannekoek bak!

*Met pa-Hannes wat baie lekker potjiekos kan maak en weet hoe om ’n spitbraai te bewerk, is dit seker te verstane dat Laure Bellingan ook handig en tuis agter die kospotte is. Hy het sommer vroeg die oggend van ons Lentefees by die Pannekoek-tafel kom aanmeld vir bakdiens en hom baie goed van sy taak gekwyt. Baie dankie, Laure! Jou naam is reeds op die pannekoeklys vir 2026!*

# Foto’s van ons feestelike Lentefees!





Ons is op Saterdag, 13 September geseën met die lieflikste weer en het ge-Lentefees dat die biesies gebewe het! Ons het die dag weer afgeskop met ’n Lentelooproete in Dalsig waarna verkope by die tafels geopen het.

Daar was koffie & koek, wyn, pannekoek, poeding, kerrie & rys, handwerk, wit olifante, jaffles, lekkergoed en koeldrank, boereworsrolle, speletjies vir die kinders, allerlei gebak, braaivlies & slaai en ’n propvol plaastafel met groente, vrugte, die pragtigste proteas en speldekussings, heuning, olyfolie, neute, droëvrugte en konfyte. Die potmakers het geswoeg en natuurlik die hardste van almal gewerk!

Die wonderlike bedrag van net so oor die **R150 000** is ingesamel! Baie dankie aan al die konvenors en hul helpers wat so hard gewerk het en dankie aan elkeen wat kom saam Lentefees hou het en al die tafels ondersteun het, asook ál die vooraf inbetalings en skenkings. Dankie ook aan almal wat hul vriende, familie, kinders, kleinkinders, bure en kollegas genooi het om saam te kom kuier. Dit was feestelik en báie lekker!!










**AAN ALMAL WAT DIE VAKANSIE SO BEVOORREG IS OM MET VAKANSIE TE KAN GAAN: VEILIG REIS, GOED RUS EN BEHOORLIK BATTERYE HERLAAI! GENIET DIE VAKANSIE SAAM MET JOU GELIEFDES! ONS WENS JOU ’N GESEËNDE CHRISTUSFEES TOE EN OOK MOOI WENSE VIR ’N VOORSPOEDIGE 2026!**

**Leon Cronje is die leraar aan diens gedurende die vakansie tot 25 Desember (leon.cronje@stelwel.co.za / 071 686 9424) en vanaf 26 Desember tot 18 Januarie is Elzanne van der Westhuizen die leraar aan diens (elzanne@stelwel.co.za / 074 144 9226).**

# Bybelnagte 2025:
## Om geloof in God deur die eeue te bely







Bybelnagte op Sondagaand 26 Oktober was 'n insiggewende en verrykende aand. Die tema vir vanjaar, *Om geloof in God deur die eeue te bely,* het aangesluit by die 1 700-jarige herdenking van die Belydenis van Nicéa. Louis Jonker het die Geloofsbelydenisse in die Ou en Nuwe Testamente van die Bybel uitgelig met Marnus Havenga wat meer oor die vroeë Christelike, asook latere belydenisskrifte uitgebrei het. Anriëtte de Ridder het met interaktiewe vrae en gehoor-deelname Nicéa vir vandag prakties gemaak. Daar is ook oudergewoonte gesellig saamgekuier tydens die kaas-en-wyn.









# Lesotho-uiteik 2025



Ons gemeente kon weer vanjaar ’n uitreikspan na Lesotho stuur. Wat begin het as huisbou-hulp vir August Basson-hulle, het uitgebrei tot ’n wonderlike groei-ervaring vir oud en jonk wat jaarliks saamgaan. Sedert die heel eerste uitreik in 2008 na Maphutseng, ’n sendingstasie waar mense geleer word van *Farming God’s way*, het die uitreikspanne oor die jare gesien watter verskil August en sy werk in mense se lewens maak. Vanjaar het die span drie studente ontmoet wat vir ’n jaar by die sendingstasie werk en opleiding ontvang sodat hulle in hul eie gemeenskappe kan uitreik en mense se lewens verander.

Die span het ook weer by Molula in Alwynskop gekuier. Molula was in 2016 ’n student by Maphutseng waarna sy Kambodja toe is en toe teruggekeer het na Lesotho waar sy nou haar eie boerdery, *Hope Farms*, bedryf en hoop bring in mense se lewens. Sy en die dominee se vrou het ’n kleuterskool, *Little Seeds of Hope*, begin. Dit was vir die 12 van die span weer ’n voorreg om ons gemeente daar in Lesotho te gaan verteenwoordig: Hou aan bid vir die groot werk wat daar gedoen word.





***Roomyse vir Jamestown Sounds***

*Een van ons gemeentelede, Coenie van Vuuren, was diep geraak deur Jamestown Sounds se optrede in ons gemeente op Sondag 9 November en het ná die erediens vir almal, onderwysers inkluis, ge-stick vir ’n roomys by die Boord se Steers! Wat ‘n lekker bederf! Dankie Coenie!*

# 2026 BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| **1 Januarie** | Nuwejaarsdag |
| **7 Januarie** | Kerkkantoor open |
| **18 Januarie** | Kategese-inskrywings & ouervergadering |
| **25 Januarie** | Bekertjie-/Sakkiesondag & Eerstes-Sondag |
| **14 Februarie** | Valentynsdag |
| **15 Februarie** | Nagmaal & Verheerlikingsondag |
| **18 Februarie** | Aswoensdag (Lydensmeditasies) |
| **22 Februarie** | Gemeente-Bring & Braai |
| **21 Maart** | Menseregtedag |
| **22 Maart** | Belydenisaflegging & Nagmaal |
| **3 April** | Nagmaal - Goeie Vrydag |
| **5 April** | Paassondag |
| **6 April** | Gesinsdag |
| **27 April** | Vryheidsdag |
| **1 Mei** | Werkersdag |
| **10 Mei** | Moedersdag |
| **14 Mei** | Hemelvaartdag & Hemelvaartdiens |
| **18 - 21 Mei** | Pinksterdienste |
| **24 Mei** | Pinksterfees & Nagmaal |
| **31 Mei** | Dankdiens & Gemeente-ete ná erediens |
| **14 Junie** | Vadersdag |
| **16 Junie** | Jeugdag |
| **6 - 10 Julie** | Kerkkantoor gesluit |
| **9 Augustus** | Vrouedag |
| **10 Augustus** | Vrouedag gevier |
| **30 Augustus** | Nagmaal & Barmhartigheidsondag |
| **12 September** | Lentefees |
| **24 September** | Erfenisdag |
| **11 Oktober** | Matrieksondag |
| **25 Oktober** | Hervormingsfees & Nagmaal |
| **25 Oktober** | Bybelnagte |
| **1 November** | Gr 7-Sondag |
| **15 November** | Kategese Afsluiting |
| **18 November** | Geloofsgroei se afsluiting |
| **22 November** | Nagmaal & Sondag van Christus die Koning |
| **25 November** | Kersprojekverpakking |
| **29 November** | Kerssangdiens & Gemeente-ete-afsluiting |
| **30 November** | Kersete vir Stellenbosch Nagskuiling |
| **16 Desember** | Versoeningsdag |
| **25 Desember** | Kersdag |
| **26 Desember** | Welwillendheidsdag |

**BANKBESONDERHEDE**
NGK Stellenbosch-Welgelegen
Nedbank Stellenbosch
Takkode: **198 765**
Reknr: **149 804 6320**
Verwysing: **Naam, Van & Waarvoor**